

**25 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 66:1-20**

**Fokusgedeelte: Psalm 66:1**

**'n Kind van God het baie om oor te juig!**

Met die eerste lees van die tema mag mense dink dat die skrywer nie in hierdie lewe staan nie. "Kyk net rondom jou," mag mense dink, "en jy sal sien daar is min om oor te juig!" Moord, verkragting, roof en aanranding is aan die orde van die dag. Daaglik verlaat mense die land op strepe. Juig, nee, daar is nie baie om oor te juig nie.

Dit is presies wat Satan ons wil laat glo. Hy laat ons juis fokus op al die negatiewe en so berooft hy die Here van lof en juiginge en lofsang wat Hom toekom. En al wat ons nodig het om weer waarlik te juig, is om te dink aan, in herinnering te roep, alles wat God deur die eeue heen en deur geslagte heen doen en gedoen het.

Buiten die seëninge in die vorm van sorg, beskerming, uitkoms, bystand, troos, klein dingetjies wat ons daaglik uit die hand van die Drie-Enige God ervaar, staan die troosvolle en vaste verlossing in en deur Jesus Christus sentraal. Al wat van ons gevra word, is dat ons sal ophou rondkyk en eerder sal opkyk! Dit alleen maak dat ons nie anders kan as om tot eer van God te sing en juig nie. En onthou: juig en sing gaan nie net oor liedere sing nie, maar ook dat my lewe en lewensoptrede sal getuig dat ek juigend voor God lewe en Hom en my naaste dien!

Aanvaar dat die digter van Psalm 66 nie net maanskyn en rose beleef het nie. Trouens, daar was geen tyd in die Christendom of volk van God se bestaan wat daar net glorie, voorspoed en geen probleme was nie. Daar was immers nie 'n oomblik wat Satan gaan stilsit het nie.

Opkyk laat 'n mens met regte perspektief leef en laat juig uit jou borrel. Dit is hoekom Stefanus (vgl. Hand 7) kon bid en in die geloof vas kon staan (KON JUIG!) al was 'n woedende skare besig om hom onregverdig met klippe dood te gooi.

Ons weet, soos hy, dat Jesus vir ons intree; vir ons plek berei; in ons belang in die hemel is sodat ons verseker 'n veilige tuiskoms sal hê. Nêrens in die Bybel word ons egter geleer dat die pad daarheen aangenaam sal wees nie, intendeel ...

Laat ons gevul met die Heilige Gees en opgebou deur die Woord bly opkyk en onthou: God Drie-Enig is hier en nou by elkeen. Van ons eindbestemming kan niemand ons ooit berooft nie. Dit is reeds meer as genoeg rede om te juig!

*Sing: Psalm 66:1 (Totius of TT Cloete)*

*Ds P Fanoy (Ontdekkers)*